**20 Mei** **Skrifgedeelte: Psalm 27:1-14 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 27:13**

## Was dit nie vir die geloof nie…!

Dawid verkeer in ‘n verskriklike noodsituasie met kwaaddoeners wat hom omring en hom wil vernietig. Menslik gesproke is dit verby met hom. Jy verkeer dalk ook in nood of ellende waarin jy voel dat dit met jou verby is. Miskien vra jy: "Hoe gaan ek my kind se dood verwerk?" "Hoe gaan ek my liggaamsgebrek hanteer?" "Hoe kan ek daarmee saamleef dat ek nie kinders kan hê nie?" Of dalk moet jy ‘n motorkaping, ‘n verkragting, ‘n diefstal, ‘n egskeiding verwerk.

Dawid smeek die Here om hulp. "Hoor, o HERE … wees my genadig en antwoord my" (vers 7). "Verberg u aangesig nie vir my nie … Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil" (vers 9). "Gee my nie oor aan die begeerte van my teëstanders nie" (vers 12). En tussen al hierdie smekinge heen, kom uitsprake van geloofsvertroue: "Ek soek u aangesig, o HERE!" (vers 8). "My vader en moeder het my verlaat, maar die HERE sal my aanneem" (vers 10).

Dan kom Dawid by vers 13: "O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie…" Dit is ‘n onvoltooide hoofsin. Daarmee wil Dawid sê: Ek weet nie wat alles met my sou gebeur het as dit nie vir die geloof was nie! Was dit dat hy geglo het dat die HERE sy lig en heil (Redder) en sy toevlug was nie (vers 1), sou die verskriklikste dinge met hom gebeur het, sou hy nie meer in die land van die lewendes gebly het nie (vers 13)! Was dit nie dat die HERE hom in sy hut weggesteek het en hom verberg het in die skuilplek van sy tent en op ‘n rots laat staan het nie (vers 5), sou hy beslis nie staande kon gebly het nie! ‘n Hele weermag kan maar teen hom opstaan (vers 3), hy glo.

In Christus het die Here ons aangeneem as sy kinders en sal Hy ons nooit verlaat nie (vers 10). Daarom vers 14: "Wag [vertrou] op die Here!" Glo in Hom! Hy sál vir jou uitkoms gee dat jy jou krisis kan hanteer!

*Sing: Psalm 105:1,2,5* *Ds Arrie Stavast (Ventersburg/Hennenman/Senekal))*